Skriflesing: Genesis 4:1-16; 1 Johannes 3:10-18
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 40**
Teks: 1 Johannes 3:11-16
Sing- SAMESANG: Ps 140:1,11
TYDENS EREDIENS: Ps 86:6; Ps.24:2,3; Ps 36:1

Om in hierdie wêreld te lewe is om tussen ander mense te lewe. Broeder en suster, in die sesde gebod kom ons in die midde van die menslike samelewing. Daar sal in die opvolgende gebooie in besonder ook op die huwelik en op ons eiendom en op ons naam gelet word, alles wat ook met die menslike saamlewe te doen het, maar die sesde gebod is werklik die begin hiervan.

Ons word in allerhande verhoudinge tot mekaar geplaas wat baie situasies tot gevolg kan hê, maar ons en die samelewing kan van die Wet van die Here nie losgemaak word nie. Dit gaan om die Wet dat ek my naaste ook moet liefhê soos myself. Die liefde is altyd die vervulling van die Wet. Daarom as my hart nie by my naaste is nie, dan kan ek iemand met soveel vriendelikheid eintlik doodslaan. Hiermee word die liefde vir ons duidelik dat ek iemand nie waarlik kan liefhê sonder die handhawing van die reg nie. Liefde is altyd die vervulling van die reg, die werklike vervulling van die Wet. As die Wet nie in my verhouding tot my naaste voorop staan nie, as die Wet nie geld nie dan is alle vriendelikheid moord en alle gemeenskap met mekaar is dan doodslag.

***

Daar is ’n keer gesê dat die eerste lied wat daar in die Here se Woord opgeteken staan, is die wraaklied van Lameg- *Voorwaar, ek slaan ’n man dood wat my wond en ’n seun wat my kwes…*Maar dit is nie waar nie. Die eerste lied wat in die Here se Woord staan is die bruilofslied van Adam. Adam sing hierdie lied tot die Here, wanneer die Here vir hom Eva as vrou gee…Dit is ’n lied wat by die oorsprong van die lewe gesing word- *Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees…Sy sal mannin genoem word want sy is uit die man geneem.* Hierdie bruilofslied gee werklik ook die vervulling van wat ons in die sesde gebod oor handel. Daar moet oor die lewe wat God gee en die betekenis daarvan moet daar gesing kan word. God sal Self die Wag wil wees oor die lewe wat Hy gee. ’n Lewe deur God gegee, deur Satan verwoes, deur Christus herstel.

Wanneer liefde die vervulling van die Wet is dan is die eerste wat ons sal liefhê die reg wat deur die Wet uitgedra word. Om lief te hê en om die reg toe te pas staan altyd in harmonie met mekaar en mag nie in spanning met mekaar gebring word nie. Ek kan nie voorgee dat ek iemand liefhet maar die reg wat die Here aan hom gegee het word deur my vertrap nie. Liefde en reg is eintlik één! Daarom sal die regte toepassing van die liefde altyd die handhawing van die reg wees. Liefde is nie iets wat sentimenteel, met oordoenerigheid, met mooi fluweelsagte woordjies toegepas moet word nie, maar dit wat die sesde gebod eis is die reg tot die liefde en tegelyk die liefde tot die reg.

Die sesde gebod gaan om liefde en reg in elke deel van die samelewing. Die Here wat ons hierdie gebod gegee het, Hy is ’n regverdige God, maar net so is Hy ook ’n barmhartige God. God se geregtigheid en God se barmhartig is nie in spanning met mekaar nie. Aan die kruis is God in sy reg maar ook in sy liefde verheerlik.

***

Om oor al hierdie dinge vanuit die sesde gebod te handel, hoe ons die *herstel* van die reg bely, hoe die *handhawing* van die reg werk, hoe ons die *vervulling* van die reg moet begeer, dit staan alles in verband met hoe daar oor die lewe gedink word. Ons het die verskil gesien hoe Adam oor die lewe dink, sy bruilofslied in absolute kontras met Lameg se wraaklied. Adam besing die lewe as ’n skeppingsgawe, hoe God die mens na sy beeld en gelykenis geskape het, God het die mens die asem van die lewe in sy neusgate ingeblaas. Die volle ryke lewe sou kom as die mens vir God profeet, priester en koning sal wees.

Elke mens sou sy plek en sy roeping ontvang. Alle verhoudinge sou in volle harmonie staan as daar nie sonde was nie. Adam gee die diere name, watter wonderlike werk wat Adam vir God moet doen, selfs as God dan vir Eva na hom toe bring, dan is Adam nog steeds die naamgewer. Hy noem haar mannin, en later selfs ná die sondeval dan is hy nog steeds die man wat benoem, hy noem haar Eva. Hy benoem haar in die skaduwee van die ewige dood, die sondeval het die ewige dood ingelei, selfs as die doodse skaduwee oor alles hang dan kan Adam nog steeds die sesde gebod sy vrou toesê. Hy kondig oor haar die lewe aan. Adam profeteer oor Eva as hy vir haar Eva noem, want sien

hy in haar die lewe- ons lees dit dan ook- *En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe…*

Die lewe wat ons hier van praat het baie beslis met baie meer te doen as om asem te haal en dat daar bloed deur jou liggaam vloei. Sterwe is nie maar net die asem wat ophou, die liggaam wat koud en styf word nie. Lewe gaan om in die lewe in te gaan. Daar is die bande wat jou bind, dié tot jou vrou, tot jou kinders, dit raak jou hele wese, jou verkeer na alle kante toe. Lewe gaan werklik oor jou volle lewensverkeer, die verbond van God, die verkeer met God wil in jou lewe, LEWE! Sterwe is om nie meer te beleef die veelkleurige en ryke genade wat in hierdie lewe bestaan nie. Sterwe is om daar uitgeruk te word.

***

Die diepte, die werklike diepgang van lewe staan vol in die sesde gebod geskrywe. Wanneer God by die Sinaiberg die sesde gebod gee- *Jy mag nie doodslaan nie*-dan staan in die Hebreeus letterlik jy mag nie moor nie. Dit gaan daaroor om willens en wetens dit te doen. Jy mag nie! Met wie praat God hier. Is dit ’n klomp misdadigers daar bymekaar, mense wat elke dag daarop uit was om mekaar om die lewe te bring? Broeder en suster, nee, God praat dan hier met sy eie volk, die volk wat Hy juis uit Egipte gelei het. Hy sonder nie enkele mense wat maar moord gedagtes het uit nie, God praat tot die massa, tot die hele volk, huisvaders, huismoeders ingesluit, elke gesin, elke leier, Moses en Aaron almal is hierby ingesluit. Dit is nie dat daar nou klomp moorde plaasgevind het wat God tot hierdie gebod bring nie. Daar was wel al baie moorde, maar dit is nie vir God die begin van hierdie gebod nie.

***

Die begin by God lê baie dieper. Dit lê daarby dat God ons ken, Hy ken ons harte, Hy sien ons gedagtes, God weet wat die mens is en wat in die mens aangaan. In die diepte van hierdie gebod weet God dit wat ons van nature is. Van nature geneig om God en my naaste te haat. Die mens het God in die paradys wou vermoor, ja broeder en suster, die sondeval was die mens se manier om God te wil doodmaak. Ons sal by hierdie gebod al hoe meer moet besef dat jy eintlik ’n moord kan pleeg sonder om werklik iemand fisies dood te maak. Die mens het op God se hart getrap en God dood wou verklaar toe hulle

van daardie boom geëet het waarvan dit so duidelik geopenbaar was dat van hierdie boom mag ons nie eet nie. Vanweë die aanslag op God word die mens nou ’n moordenaar van sy naaste. Die eerste werklike lewensverhaal wat direk ná die paradys plaasvind is alles behalwe eintlik ’n lewensverhaal, maar ’n moordverhaal. Kain wat vir Abel doodslaan.

Die klank van die moederbelofte was eintlik nog veronderstel om die mens se lewe vol te maak. Eva het nog by Kain se geboorte uitgeroep dat *ek het ’n man gekry met die hulp van die Here…*sy wat nou moeder is, sy dink hierdie kind hy dra die belofte om ons te verlos, maar inteendeel hierdie kind dra toe alles behalwe die lewe met hom saam. In hom en in sy godsdiens word die eerste moord gepleeg. Hierdie is ’n moord by die altaar bedink. Die aanslag op God, die sondeval, en dadelik vermoor die mens sy broer. As God dan na Kain kom met die vraag van – *waar is jou broer?* Watter verskriklike antwoord drup oor sy lippe. *Is ek my broer se wagter?* Die een wat na die beeld van God geskape is matig hom dit aan om die ander na die beeld van God geskape mens uit die weg te ruim. Hulle wat mekaar eintlik so moes liefhê, tog maak Kain sy broer dood. Watter lewe, watter liefde, watter reg was daar in hom!?

God sal dit nooit maar net daar laat nie. Wanneer die Here later met Noag praat dan laat die Here dit baie duidelik hoor- *Hy wat die bloed van ’n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld geskape.* As jy aan die mens raak wat na die beeld van God geskape is dan raak jy aan God. Jesus het oor die moord wat oor Abel gekom het ook gepraat en daarop uitgebrei. As jy moord pleeg soos wat die Here dan sê: ..*sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaria, die seun van Beregja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar*. In hierdie woorde maak Jesus dit duidelik die verskriklike bloedspoor wat daar deur die geskiedenis van die mensheid loop. Die Ou Testament is vol daarvan. Josef se broers wou hom doodmaak. Saul wat vir Dawid met alle mag wil doodmaak. As hy die geleentheid gehad het sou hy dit waarlik doen. Hy wat sy swaard na hom gegooi het toe Dawid vir hom musiek maak maar Saul wil hom doodmaak. Saul die man wat op die einde homself doodmaak, in sy eie swaard val.

Hoe het Dawid met Uria se lewe gemaak, eintlik hom ook dood gemaak vir sy vrou. Joab wat die bevel gehad het om Uria aan die voorste linies te laat veg dat die kans dat hy gedood kan word eintlik verseker kan wees. Daar is werklik baie bloed aan Dawid se hande, soveel so dat hierdie hande nie vir die Here ’n huis mag gebou het nie. Ons kan ook dink aan Atalia wat al die koningseuns doodgemaak het om so hierdie heilige linie uit te roei. Dadelik mag mense dalk sê maar in die Nuwe Testament was dit anders. Herodes vermoor al die kindertjies in Bethlehem om die Christus te tref. In die Nuwe Testament stroom dit maar net verder…wat het mense met die hoogste Mens wat daar nog ooit was gemaak. Hoe is Stefanus nie gedood nie, met klippe doodgegooi, toe Jesus alreeds na die hemel opgevaar het.

***

Die Here maak dit baie duidelik dat die mens is nie maar sommer ’n ding is wat jy uit die weg kan ruim nie. ’n Klip kan jy optel en skuif of ’n tak kan jy maar sommer afbreek as jy daar wil verby maar die mens is anders. Hy/sy dra die beeld van God. Deur hierdie gebod wil God Self sy beskermende hand op die mens plaas. As God tot in die diepte hieroor met ons praat dan is die sesde gebod beslis geskrywe ook met die hand wat Matt.5: 20-22 geskrywe het.- *Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.*

Daar is geen ander manier om hierdie gebod dieper en skerper te stel as wat Jesus dit Self gedoen het nie. Dit wat in jou hart aangaan, daardie woorde wat ons sommer so maklik oor iemand anders uitspoeg, teen die agtergrond van hierdie werklikheid is die Here aan die woord. Daar is dan ook geen twyfel dat soos wat ons Kategismus oor die sesde gebod handel dit aansluit by hoe Jesus hieroor gehandel het. Ons kan sê dat die Kategismus

eintlik baie duidelik die mes van Jesus se Bergrede op ons kele lê wanneer ons hier met die Kategismus handel.

Dit slaan alles ook weer terug na Sondag 32 waar ons bely toe Jesus ons **met sy bloed gekoop en vrygemaak het, het Hy ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe**. Dit kom tog duidelik daarop neer dat Jesus die dood oorwin het en dat Hy ons weer die lewe gegee het. Die lewendmakende krag van die Gees wat in Christus werk het so die oorwinning behaal ook by die Here se volk dat niemand meer mag sê dat "die een se dood is die ander se brood". Die gemeenskap wat in Christus weer herstel is het gemaak dat ons as sy kinders sy liggaam geword het, en daarom kan niemand meer vir die ander een sê dat ek het jou nie nodig nie.

God wat in Christus lewend maak Hy stig ook gemeenskap. Nou gebeur juis die teenoorgestelde van dood maar dit gaan om die lewe. As die een lid ly dan ly al die lede saam. As die een lid verheerlik word dan is al die lede saam bly. In alles is daar nou die gemeenskap waar die Evangelie in die kerk van die Here so sy effek moet kan uitdra, dat werklik in die kerk moet ons lewe as mense in wie Christus die dood oorwin het. Dinge van die dood, die wortel van die dood wat in die kerk van die Here nie moet wees nie, is afguns, haat, woede wraaklus. As jy werklik die Here liefhet en jy dan ook die lewe liefhet dan het jy ook die lewe van jou naaste lief. Jou gedagtes, woorde, gebare, dit alles het te doen met die eerbiediging van die reg wat God ingestel het.

***

Onthou dat liefde altyd met die reg te make het. Die wortel van die liefde is God. God wat ons gebied dat ons, ons naaste moet liefhê soos onsself. Enigeen wat God naby my bring is my naaste. Dit is nie ek wat kan besluit oor wie my naaste mag wees of wie nie. Daardie gedagtes wat jy in jou mag hê om te probeer uitwerk dat sekere mense nie jou naaste kan wees nie is alreeds oortreding van hierdie gebod van die Here. Liefde dra egter baie duidelik sekere kwaliteit wat God daarin plaas. As God sê dat jy alle mense moet liefhê dan is dit nie maar sommer so iets algemeen, so grys asof alle mense maar net deel van die massa is en ek nou almal moet liefhê nie. Dit kan ook nie. Om jou naaste lief te hê raak heel konkreet en dra 'n besliste kwaliteit dat ek ook sal verreken die plek,

die tyd, die situasie waarin hierdie ander mens in sy verhouding tot my deur die Here gestel is.

***

Liefde tot jou naaste gaan oor die unieke wat my God moet laat raaksien. Ek kan nie almal liefhê op dieselfde manier nie. Waar jy jou vrou moet liefhê is hierdie liefde tog anders gesetel in die sin dat sy dra die kwaliteit van sy is jou vrou en het jy haar in daardie sin lief, en kan ek tog nie alle vroue op die wyse ook wil liefhê nie. Al moet ek dan ook alle ander vroue ook liefhet is dit eintlik tog baie logies dat daar ’n onderskeid in die liefde sal wees. Die liefde tot hulle is anders as wat die liefde tot man en vrou is.

Ek moet ook alle kinders kan liefhê maar my liefdes taak teenoor die kinders wat God my gegee het is tog anders ingerig as teenoor die kinders waarvan ek nie die ouer van is nie. Ek kan nie wil ouer speel oor alle kinders nie. Hier is dit weereens ’n reg wat gehandhaaf moet word. So ook in ons land en teenoor ons volk. Ek moet alle mense liefhê, maar dit kan tog nie anders dat volksgenote eiesoortig tot my staan, en landgenote is ook weer anders as mense van ’n ander land. Vreemdelingehaat wat deesdae baie sterk na vore kom, daar mag hoegenaamd nie só iets wees nie.

Die sesde gebod kan juis alleen gehandhaaf word as u, u eie plek in die gesin kan handhaaf en van daaruit die gemeenskap ingaan met ook die ander lede in die gemeenskap. Om dit dan net nog wyer te begryp ek kan alleen ander volke liefhet as ek die band met my eie volk kan bind. Dan sal ek as lid van my volk ook werklik die gemeenskap met die ander volke soek. Onthou liefde is altyd konkreet, ons moet nie daaroor wil filosofeer nie. Liefde is altyd die eerbiediging van die verhoudinge wat God daar gestel het en eerbiediging van die reg wat God juis vir hierdie verskeidenheid van verhoudinge ingestel het. Soos reeds baie keer beklemtoon dat liefde is altyd handhawing van die reg en dit wil nie daarteen ingaan nie. Dit is dinge wat nie maar net op papier moet staan nie, maar dit moet in die praktyk van die lewe na vore kom.

***

Die duiwel wat die mensemoordenaar is van die begin af, wat altyd menselewens wil verwoes. V/A 106 sny dieper en dieper. Daar word in alle opsigte deurgedring tot die

wortel van die probleem- al die dinge wat deur God ook verafsku word- **afguns, haat, woede, wraaklus…** Dit is dinge vanuit die hel. God haat hierdie sondes en so ook wortel van hierdie sondes. Dit wat haat tussen mense kan veroorsaak is verskriklik, ja as ek haat dan staan ek reeds op die moordlys- 1 Joh. 3:15- *Elkeen wat sy broeder haat is 'n moordenaar, en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie…* So ernstig is die gevolge van as jy iemand haat dat dit juis die verskil tussen die kinders van God en die kinders van die duiwel blootlê. Kain wat uit die bose was en daarom het hy sy broer doodgeslaan. Die sondeval sou nie die skuld kon kry vir hierdie moord nie, en ook nie Abel sou self die aanleiding wees nie, maar lees ons ook in 1 Joh.3, maar die eerste moord op aarde het gekom, omdat Kain se eie werke boos was en die van Abel regverdig. Geen mens sal kan sê dat die situasie het vir my onhoudbaar geword en daarom het dit op al hierdie dinge uitgeloop nie.

Ons wat weet dat lewe van God afkom, Christus herstel ook weer die lewe. Laat ons begin by die regte lewensbeskouing. In die wêreld is daar breedweg twee verkeerde lewensbeskouings. Die pessimistiese beskouing en die oppervlakkige lewensbeskouing. Pessimistiese wat dikwels die verskriklike ook van selfmoord bevat. Die Kategismus maak dit duidelik dat **ek nie myself mag kwaad aandoen nie** en ek mag ook nie myself **moedswillig in gevaar begewe nie.** Die pessimistiese is wanneer die lewensangste vir jou heeltyd voorop is. Die mens is so bang hy/sy gaan dood. Sulke mense wat dikwels heeltyd in die angs terugval en sien nie hoe die lewe die moeite werd is nie. Hulle lewe eintlik van die dinge wat aan die dood onderworpe is.

Die oppervlakkige lewensbeskouing is weer die mense wat die lewe 'n vlinderspel maak. Laat ons maar eet en drink en vrolik wees want ek gaan in alle geval binnekort my soos 'n mot in my lewenskers opbrand. Baie verkeerde lewensbeskouing wentel dan ook gewoonlik tussen die twee van uiterstes. Die pessimistiese…die oppervlakkige. Die kinders van die Here lewe as herstelde mense, ook jou lewe is in Christus herstel. Christus het ons lewens so herskep dat ons harte weer op mekaar gerig is, ons mekaar soek, ons band van liefde in ons soeke na mekaar moet so sterk wees dat Johannes 14 dit

geweldig sterk stel. Die Here noem broederliefde die bewys vir ons lewe in Christus. *Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet.*

***

Dit maak die sesde gebod ten volle evangelie. Om in herstelde verhoudinge te mag lewe. Om die verskil tussen die werke van die vlees en die vrug van die Gees te mag ontvang. Galasiërs 5:22 stel dit dat ek deur die Gees weer die sesde gebod kan nakom. Deur die Heilige Gees word die moordenaar in ons doodgemaak. Die moordenaar in my moet die doodsteek kry. Dit alles in en deur en uit Christus. Die Gees wat ons na Christus toe bring dat ons in Hom kan wees om dan uit Hom te lewe. Ek kan nou my eie vlees kruisig. Ons lees van die vlees met sy begeerlikhede en hartstogte moet gekruisig word. Hierdie kruisiging kan alleen plaasvind omdat ons werk vanuit die geheim van die kruis van Christus. Deur die kruis van Christus wat geen mensewerk is nie, ontvang jy ’n sterfbed en ’n geboortebed. Die sterfbed van die ou mens en die geboortebed van die nuwe mens. Dan staan V/A 107 voluit in wat God van jou verwag. Jy kan geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees. Ek moet selfs die dinge wat my naaste kan benadeel sover moontlik voorkom. Dan bely ons deur hierdie nuwe bed waarop Christus my laat kom, die geboortebed van die nuwe maak dat ons selfs aan ons vyande dan goed doen.

Dan het jy die sesde gebod lief, ja jy het die reg lief en glo dat God reg sal doen en reg sal laat geskied. Daarom kan jy dan ook jou vyand liefhet omdat liefde altyd die vervulling van die reg begeer. As jou naaste dan nie wil terugkeer na die grondslag van die reg nie, dan is daar die vloekpsalms ook oor sulkes. Die siele onder die altaar bid om wraak, die kerk kan in al Christus se vyande is wat dan ook my vyande is in hulle verdoemenis kan ons dan roem. Het u al gehoor hoe eindig Ps.104- *Mag die sondaar omkom van die aarde en die goddelose mense nie meer wees nie…*En dan staan daar ’n enkele sin later- Halleluja. Hy wat in die liefde volmaak geword het, sal ook weet die haat wat daar in jou sal wees vir hulle wat hierdie liefde verag. Ons kan die Here prys in die herstel van verhoudinge, want ten diepste gaan dit daarom dat die Here sy reg sal handhaaf. Die God van die sesde gebod moet geprys word. Daar is nog so baie wat nie gesê is nie!

AMEN

Genesis 4:1-16; 1 Johannes 3:10-18
Sondag 40
Ds Petrus Venter
/06/2010

Vrae uit Sondag 40:

1. Wat was die eerste sonde wat gepleeg is nadat die mens uit die paradys uitgedryf was?
2. Waarvan vorm die sesde gebod eintlik die werklike begin?
3. Is daar enigiets in die samelewing wat van die Wet van die Here losgemaak kan word?
4. Waar plaas die sesde gebod jou as jy na die menslike samelewing kyk?
5. Wat is en bly die kern van die Here se Wet?
6. Hoe moet daar na die verhouding tussen liefde en reg ná gekyk word? Kan liefde en reg ooit van mekaar geskei word?
7. Kan vriendelikheid ook moord wees? Motiveer.
8. Wat word in die eerste lied wat daar in God se Woord staan besing?
9. Watter lied het Lameg gesing?
10. Is daar enige mens wat sonder plek en roeping op hierdie aarde geplaas is?
11. Is Eva moeder van die lewe *vóór* of *ná* die sondeval genoem. Wat kan ons hieruit aflei? (onderaan p.2)
12. Waaroor gaan die lewe werklik? (p.3, 2de paragraaf)
13. Is die eerste mense vir wie God hierdie gebod gegee het ’n klomp misdadigers gewees?
14. Kan ’n mens ’n moord pleeg sonder om werklik iemand fisies dood te maak?
15. Is daar in die Bybel baie sprake van haat en moord? Gee voorbeelde.
16. Hoe moet ons oordeel oor die uitdrukking van die *een se dood is die ander se brood?* (p.6.2de paragraaf)
17. Hoe moet daar oor selfmoord gedink word?
18. Hoe skerp het Jesus die sesde gebod gestel? Vgl Matt.5:20-22
19. Watter twee uiterste vorme van lewensbeskouinge bestaan daar?
20. Waar sal ons die wortel van die liefde vind? (p.6 laaste paragraaf)
21. Kan ek alle mense op dieselfde manier liefhê of is daar ook ’n verskeidenheid van liefde?
22. Wat moet ons uit 1 Joh.3:15 aflei? (Bo-aan p.8)
23. Kan ek iets anders skuld gee vir moord?
24. Wat beteken dit werklik ten diepste om die verskil tussen die werke van die vlees en die vrug van die Gees te onderskei?

SONDAG 40


105. Wat eis die sesde gebod?
Ek mag nie self of deur iemand anders my naaste
onteer, haat, beledig, of doodmaak nie
Ek mag dit nie doen nie
met my gedagtes, woorde of gebare en nog minder met die daad
Ek moet alle wraaksug laat vaar
Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie
Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer
106. Praat hierdie gebod net van doodmaak?
Nee
God leer ons dat Hy die wortel van doodmaak verafsku
Hoe leer Hy dit? deur doodmaak te verbied
Wat is die wortel?
afguns
haat
woede
wraaklus


107. Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak soos hierbo gesê is nie?
Nee
God verbied
God gebied
Wat?
Afguns
haat
woede
Wat?
dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself
Hoe?
Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees
Ons moet alles wat hom kan benadeel sover moontlik probeer voorkom
Ons moet selfs aan ons vyande goed doen